

Soos met die vorige uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* verskyn hierdie uitgawe midde-in indringende gesprekke oor die stand van Afrikaans in Suid-Afrika, die verband van die taal met Nederlands, en natuurlik die Nederlandse koloniale geskiedenis. Dit is dan ook opmerklik hoe relevant en aktueel die bydraes in hierdie tydskrif deurgaans is.

Die artikel van **Charlyn Dyers** werp lig op 'n wesenlik belangrike faset van die geskiedenis van Afrikaans deur sosiolinguisties ondersoek in te stel na die bydrae wat die Morawiese sendingstasie Genadendal gelewer het tot die ontwikkeling en groei van die Afrikaanse taal. Sendingstasies is komplekse kontakpunte en oriënteringsentra in ons taalgeskiedenis en in hierdie artikel word beklemtoon hoeveel navorsingsmoontlikhede hierdie ryke, maar helaas onderbestudeerde, terreine nog bied.

Die uitdrukking van kultuur en identiteit by wyse van taal vorm ook 'n kernaspek van **Annie Kloppe** se artikel oor die Namakwalandse rapkunstenaar V.I.T.O. Die Noord-Kaapse aspek van hierdie kunstenaar se identiteit, soos in sy musiek uitgedruk, maak nog een van die vele onderbestudeerde en moontlik selfs ondergewaardeerde fasette van die Afrikaanse taalgemeenskap oop vir verdere ondersoek. Daar word aangetoon hoe hip-hop nie bloot uit die Noord-Amerikaanse populêre kultuur oorgeneem word nie, maar uiters nou aansluit by gevestigde, eeue-oue kulturele prosesse hier te lande.

In **Ilse de Korte** se artikel oor die digter Clinton V. du Plessis se bundel *Aantekeninge teen die skemeruur* word eweneens die verband tussen die buitewêreld en die binnewêreld ter sprake gebring. Daar word ondersoek ingestel na die mate waarin 'n verband gelê kan word tussen bepaalde elemente van die digterlike laatstyl soos veral deur Edward Said gekonsipieer, die apokaliptiese aspek van die eie dood, en ook die vernietiging van (en deur) die mens. Die digterlike besinning blyk gevaarlik te wees, en daarom ook dringend.

Johannes Strauss se artikel oor die Namakwalandse koperstasies sluit eweneens goed by die res van die bydraes aan, en by aktuele gesprekke in die breë. Daar word in fyn besonderhede ondersoek ingestel na die gewone, daaglikse aktiwiteite op die vergange koperstasies van Namakwaland. Interessante inligting word verskaf oor die Nederlandse herkoms van baie van diegene wat hierdie stasies en omliggende gebiede in die 18de eeu betrek het.

Na hierdie vier artikels verskyn 'n essay deur ons ontslae kollega **Jacques van der Elst**. Ons groet en huldig hom hiermee. Hy was 'n stigterslid van

die SAVN en jarelange lid van die Redaksieraad van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, benewens alles anders wat hy as akademikus, mentor en mens in ons breë vakomgewing gedoen het. Die teks wat hier gepubliseer word, was nog in voorbereiding toe Jacques gesterf het en word dus hier in voorkeuringsformaat gepubliseer. Die bespreking van die rol van *Beatrijs* in hedendaagse leerplanne staan midde-in 'n dieper besinning oor die basis wat tans in kurrikula Nederlands aan Suid-Afrikaanse universiteite gedek word – seer sekerlik 'n uiters relevante saak vir lesers van hierdie tydskrif. Dit is ons voorreg om hierdie laaste bydrae hier te publiseer, en ek bedank graag my redaksiekollega Marni Bonthuys vir haar hulp met die afronding.

Ons publiseer ook twee resensies in hierdie uitgawe. Die eerste is **Tycho Maas** se resensie van *Die tienduisend dinge*, Ena Jansen se Afrikaanse vertaling van Maria Dermoût se bekende Nederlandstalige roman. **Zandra Bezuidenhout** resenseer die vertaalde versameling gedigte van Luuk Gruwez, *Weerbare weemoed*, saamgestel en uit Nederlands vertaal deur Hennie van Coller.

Ek bedank namens die redaksie graag ons resensente en artikelskrywers, en in die besonder vir Annie Klopper en Zandra Bezuidenhout vir hulle redigeerwerk, en ons uitlegkunstenaar Christa van Zyl.

Universiteit Stellenbosch